CHARL VAN ROOYEN cvanrooy@landbou.com



Tulikoeie met kalwers in die veld op mnr. Albie Rautenbach se plaas, Avoca, by Reitz. Die Tuli se kleurskakering, wat van wit tot donkerrooi wissel, bied 'n wye keuse aan boere. Die diere is wyd aanpasbaar in die hele Suider-Afrika.

# Besnoei uitgawes streng vir beste wins

Die oudste en een van die vrugbaarste Tulistoeterye in Suid-Afrika volg 'n laeprofielbenadering deur koste so laag moontlik te hou, sonder om vrugbaarheid of die volhoubare benutting van hulpbronne in te boet. Mnr. Albie Rautenbach vertel hoe hy dit regkry, terwyl hy steeds wetenskaplike beginsels navolg.



Een van mnr. Albie Rautenbach se stoetbulle. Hy het agtergekom bulle wat selfs op swak weiding vet bly, dra dié eienskap aan hul dogters oor.

**PLAASINLIGTING**



**LIGGING:** Reitz, Vrystaat

**NAAM:** Avoca

**EIENAARSKAP:** Trust

**VERTAKKINGS:** Tulistoetery, Senepol- en kommersiële vleisbeeste, vervaardiging van beestoerusting en verhuring van eiendomme in Georgië.

**VELDTIPE:** Suurveld

**GEMIDDELDE REËNVAL:** 750 mm per jaar

**KORTOM**

- Uitgawes word tot op die been besnoei.
- Geen lekke word voorsien nie, want 'n beter kalfpersentasie vergoed nie genoeg vir die koste nie.
- Die voervloeiprogram word deeglik beplan, en 'n noodvoerbank word onderhou.
- Plaasinkomste word aangevul met die verkoop van beesimmobiliseerders en die verhuring van eiendomme in Georgië.

Die beeste kry nie eens 'n lek nie, maar hierdie geregistreerde kudde van 300 koeie handhaaf nogtans 'n baie lae tussenkalfperiode van 371 dae, wat die Langlyf-Tulistoetery van mnr. Albie Rautenbach van Reitz onder die drie vrugbaarste kuddes van dié Afrika-beesras plaas.

Sy pa, Abel, het die plaas Avoca omstreeks 1975 gekoop nadat hy eers elders in die distrik geboer het. Abel het met ander beesrasse geboer, maar was ontevrede met die lae kalfpersentasie van sowat 50. Dr. Quenten Campbell, 'n kenner van inheemse vee, het hom oorreed om die Tuli te oorweeg. Abel het eers 'n paar koeie by mnr. Johan Borman van Northam gekoop, later Zimbabwe besoek en toe 25 verse en 'n bul ingevoer.

Hy was só ingenome met hul vrugbaarheid dat hy heeltemal na die Tuli oorgeskakel en nóg beeste ingevoer het. In 1983 het hy die Langlyf-Tulistoetery geregistreer, wat vandag die oudste stoetery van hierdie ras in Suid-Afrika is.

Albie was al deeltyds by die boerdery betrokke toe hy nog met nagraadse studie in landboubestuur aan die Universiteit van die Vrystaat besig was en 'n junior dosent aan die destydse technikon in Bloemfontein was. Toe sy pa in 2004 oorlede is, het hy die boerdery oorgeneem.

Sy broer, Cornelis, boer ook daar naby en besit die Nonnie-Tulistoetery. Hulle hou elke jaar saam 'n produksieveiling op die eerste Dinsdag van Junie.

## BOER OP VELD

Albie boer hoofsaaklik op die veld, maar het in 'n stadium hooibale vir ekstra winterkos gemaak, wat noodsaaklik is met die Oos-Vrystaat se laegehalte-winterweiding.

Hy plant nie meer mielies nie en het *Eragrostis* op die ou lande gesaai om hooibale te maak.

Bemesting-, sny-, baal-, uitry- en geleentheidskoste het sowat R200 per rondebaal van 260 kg bedra. Hy het vyf bale per koei nodig om haar deur die winter te help, wat dus R1 000 per koei kos.

Dit was in stryd met sy beleid om goedkoop te boer. Hy het toe van sy ou lande laat omploeg en sy buurman, mnr. Walt Pretorius, plant nou mielies daarop. Pretorius betaal nie huur vir die lande nie, maar Albie kan die mieliereste én 'n deel van Pretorius se mieliereste en/of natuurlike weiding benut.

Nou maak Albie net genoeg hooibale vir sy noodvoerbank, want die mieliereste, wat vir 2,5 maande tot 3 maande lank bewei word, en spaarkampe is genoeg om sy beeste deur die winter te dra.



Mnr. Albie Rautenbach FOTO'S: VERSKAF

### MNR. ALBIE RAUTENBACH

**WATTER TEGNOLOGIE IS ONMISBAAR IN JOU BOERDERY?**
My Rau-immobiliseerder.

**WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL GEKRY HET?**
Hou aan leer en verbreed jou kennis.

**HET JY AL GROOT FOUTE GEMAAK?**
Ja, maar foute het my altyd gewys wat om nié te doen nie.

**WIE WAS JOU MENTOR?**
My pa.

## GEEN LEKKE

Albie het lekproewe gedoen en sy beeste twee jaar lank volgens kundige aanbevelings in die somer 'n fosfaatlek en in die winter 'n produksielek gegee. Hy het dit aan sy tussenkalfperiode (TKP) gemeet.

Sonder lekke het die TKP en kalwers se speenkalfgewig met gemiddeld net 4% gedaal. Die voordeel van 'n hoër TKP en speengewig was nie genoeg om vir die lekkoste, brandstof en arbeid te vergoed nie. Hy het boonop 'n ekstra bakkie of trekker nodig gehad om die lek daagliks aan te ry.

"Die paar ekstra kalwers het nie vir die ekstra koste vergoed nie. Inteendeel, dit het my méér geld gekos. Met 'n ander beesras en omstandighede sal die syfers dalk anders lyk, maar in my Tuliboerdery betaal dit nie om lekke te gee nie. Die Tuli is oor duisende jare geselekteer om sonder lekke jaarliks op die veld te kalf, en dit is waarop ek voortbou."

Nou het Albie net 'n goedkoop tweewielmotorfiets wat lig op brandstof en onderhoud is vir sy werkers nodig om inspeksie by die beeste te doen. Selfs as hulle 'n kampdraad moet herstel, kan die nodige toerusting in 'n rugsak vervoer word. Daarom het hy nou net drie heeltydse plaaswerkers vir die hele boerdery nodig.

"My pa het altyd gesê as daar nie kos is nie, kan jy nie 'n bees met lek vetmaak nie. Jy moet eerder met die regte tipe bees boer en sorg dat die voervloei reg is."

### TULI KWARTEEU IN SUID-AFRIKA

Die Tulibeesras, inheems in Afrika, is vanjaar 25 jaar lank amptelik in Suid-Afrika. Hy het in dié tyd bekend geraak as 'n uiters geharde, vrugbare bees met uitstekende groei- en vleiseienskappe.

Die Tuli is die sewende getalrykste ras (7 519 beeste) by SA Stamboek en het die agtste meeste lede (45 kuddes), sê mnr. Ben Raath, voorsitter van die Tulibeestelersgenootskap. Die ras het veral in die afgelope vyf jaar sterk gegroei, want vir die boer gaan dit oor rand en sent, en die Tuli is 'n gewilde keuse met die oog op winsgewende vleisproduksie.

"Die droogte het die ras eintlik help bemark danksy sy gehardheid. Kommersiële boere getuig ook van Tulikoeie se puik prestasies. Die oorwinning van 'n Tulibul in 2018 in Vleissentraal en SA Stamboek se Elitebul-groeitoetsklas het die ras 'n verdere hupstoot gegee."

Volgens die jaarlikse Logix-verslag het die gemiddelde koeiwaarde sedert die telersgenootskap se stigting in 1995 met 20 indeks-punte verbeter. Dit beteken die lede selekteer vir die regte eienskappe in die regte balans.

Die Tuli het oor 'n tydperk van sowat 2 000 jaar in klipharde Suider-Afrikaanse toestande aangepas en natuurlike weerstand teen in- en uitwendige parasiete en siektes ontwikkel. Die eerste Tuli's is in 1976 uit Zimbabwe ingevoer. In 1987 is 'n informele klub met wyle mnr. Jan Mouton van Vrede as voorsitter gestig. Die ras het in 1995 amptelike erkenning van SA Stamboek as 'n ontwikkelende ras gekry. Mouton was die eerste voorsitter van die genootskap en is deur mnre. Stephan Weltz, Russell Clark, Johan van Rijswijk, Werner Gouws, Callie Barnard en Raath opgevolg.

## GOEIE TKP

Die TKP het danksy vrugbaarheid as hoofseleksiedoelwit vanaf 410 dae in 1983 tot die huidige 371 dae gedaal.

Albie het geen genade vir 'n koei wat nie elke jaar dragtig raak en 'n kalf voortbring nie. Sy word geslag. Die uitsondering is as 'n vers op 24 maande kalf. Só 'n dier raak ▶



'n Mooi Tulikoei en haar kalf in die veld. Die Tuli bied goeie weerstand teen uitwendige parasiete.

moeiliker weer dragtig. Albie laat dié jong diere toe om een keer oor te slaan, mits sy 'n goeie kalf gespeen het.

Albie beskryf sy teelbeleid as eenvoudig. Dit is op vrugbaarheid en vroegrypheid gerig. Hy diskrimineer teen koeie wat té ligte kalwers vergeleke met haar eie gewig speen, terwyl bulle hul kondisie maklik op die veld moet behou.

Koste word tot die minimum beperk.

As 'n kalf vrek of teen parasiete behandel moet word, word sy ma geslag. Diere word nie teen bosluise behandel nie.

"Ek boer nie in 'n rooi- of hartwatergebied nie. Ek sien my Tuli's het minder bosluise as die ander rasse waarmee ek boer en is minder vatbaar vir insekoorgedraagde siektes, soos knopvelsiekte."

Albie is nietemin gesteld op goeie dieregesondheid en ent teen brucellose, spons-, lam- en knopvelsiekte in.

Diere wat deur 'n kampdraad breek of nie maklik hanteerbaar is nie, word geslag.

"Makheid is een van die Tuli se eienskappe wat die ras so besonders maak. Hulle is 'n maklikesorgbees en só gehard dat hulle in absoluut ekstensiewe toestande steeds 'n baie hoë vlak van vrugbaarheid handhaaf."

Albie het ook 'n kommersiële beeskudde van 200 koeie wat uit verskillende rasse bestaan.

"Ek het jare lank proewe gedoen om te sien watter rasse in my toestande presteer. Alle telersgenootskappe beweer hul ras is vrugbaar en aangepas. Dit is dikwels slegs waar as sulke diere baie kos kry. Sodra hulle egter in my bestuurstoestande die mas moet opkom, kalf hulle nie elke jaar nie en die TKP daal. Danksy my evaluering weet ek watter rasse hier die beste aard en die meeste wins teen die laagste insetkoste oplewer."

## STRENG KRITERIA

Hy verkies 'n redelike koei:kalf-verhouding. Min rasse kan in hierdie toestande 'n kalf van gemiddeld sowat 45% van die ma se gewig speen, soos wat hy met sy Tuli's behaal.

Hoe kleiner die koei is, hoe beter is haar koei:kalf-verhouding. Vir die hoeveelheid gras wat sy vreet, gee sy dus 'n swaarder kalf en is doeltreffender. Hy selekteer só dus vir kilogram vleis per hektaar geproduseer.

**Solank 'n koei nog goeie tande het, vreet sy goed, behou haar kondisie, raak dragtig en maak 'n swaar kalf groot. Tulikoeie se tande hou langer as dié van die meeste ander rasse.**

Hy is hoofsaaklik 'n speenkalfboer met sy kommersiële kudde. As 'n speenkalf in sy laekostetoestande 200 kg weeg, is hy tevrede, mits die koei ongeveer 450 kg weeg (44% koei-tot-kalf). Meet dit aan 'n swaarder kalf van 260 kg met 'n ma wat 650 kg weeg (40%), wat dus minder produktief is. 'n Bees vreet 3% van sy liggaamsgewig per dag. Hoe groter die koei, hoe meer gras het sy nodig.

Drakrag is ook belangrik. Dit moet aan kilogram bees per ha gemeet word. Hoe groter die ras se raamwerk, hoe minder koeie kan die boer aanhou en hoe minder kalwers kry hy. Daarom is kleiner beeste doeltreffender.

'n Kalf van 200 kg behaal gewoonlik ook 'n beter prys per kg as 'n speenkalf van 260 kg.

Tulibulle is gewild by boere wat hul verse die eerste keer laat dek, want dan sukkel hulle nie om te kalf nie. Die Tuli het klein kalwers by geboorte, 'n fyner beenstruktuur en ál die Sanga-eienskappe, soos 'n hangkruis. Nogtans groei die Tuli genoeg en het genoeg bespiering om by voerkrale aanvaar te word.

Die poenskopfaktor tel ook punte by boere én voerkrale omdat dit hantering vergemaklik en dit nie nodig is om horings te brand nie.

## SELEKTEER SÓ

Albie behou ál die kommersiële kalwers en Tuli-uitskotbulletjies ná speentyd as hy genoeg weiding het en hy nie tevrede met die speenkalfprys is nie. Hy bemark hulle dan later wanneer hulle swaarder en die speenkalfprys hoër is. As hy die jaar nie genoeg weiding het nie, verkoop hy die kalwers dadelik ná speentyd op veilings.

Die boerdery het net een kalftyd vir ál die beeste, naamlik Augustus tot middel November.

Die kalwers word op sewe maande gespeen. Dan selekteer hy die Tulibulletjies visueel volgens rasstandaarde. Die 50% swakker bulletjies word uitgeskot en die

## IMMOBILISEERDERS INTERNASIONAAL GESOG

Die Rautenbachs vervaardig ook die RAU-immobiliseerder op die plaas. Mnr. Albie Rautenbach se pa, Abel, het dit in die vroeë 1990's ontwerp. Rautenbach het die vervaardiging ná sy pa se dood oorgeneem.

Dit is 'n rektale immobiliseerder wat met 'n peilstif (*probe*) werk en die bees immobiliseer wanneer die boer brandmerke moet aanbring, onthoorn en kloue knip, sonder die gevaar van beserings. Dit werk met 'n herlaaibare battery. Veeartse gebruik dit ook as hulle bulsaad tap.

Rautenbach voer dit na talle lande uit, waaronder Australië, Nieu-Seeland, Ierland, Brittanje, Amerika, Kanada, Brasilië, Siprus, Jordanië, Duitsland, Indonesië, Namibië, Botswana en Zimbabwe. Sowat 25 000 immobiliseerders is al plaaslik verkoop.

Vervaardiging en dienste geskied met drie werkers in hul klein fabriek.

"My pa het nie van sukkel gehou nie. Hy was 'n haastige man. Die ou immobiliseerder wat hy gehad het wat met klampies vanaf 'n battery werk, het hom geïrriteer. Toe bou hy vir homself 'n immobiliseerder wat net een kontakpunt op die peilstif het. Ná 18 maande se aanpassings was hy tevrede. 'n Besoeker wou ook een hê. My pa het toe besef daar is 'n mark daarvoor en het dit gepatenteer en begin vervaardig."



Tulibeeste op Rautenbach se plaas. Die oudste Tulistoetery in Suid-Afrika hou koste so laag as moontlik, maar selekteer streng vir vrugbaarheid en aanpasbaarheid.

gekeurdes wei deur die winter net op die veld, waarna hulle verder volgens kondisietelling en groei geselekteer en geweeg word. Dié wat te maer is, word uitgeskot. Dan bly net sowat 30% oor.

Deur die jaar val nog bulle uit. Uiteindelik bly net 20% oor. Van die ongeveer 35 oorblywende bulle gebruik hy self vier of vyf bulle en verkoop die res as stoet- of kommersiële bulle.

Vir die versies is die eerste seleksie met speentyd wanneer sowat 20% weens visuele of produksiefoute uitgegooi word.

Die jaar daarna doen hy dragtigheidsondersoeke by ál die vroulike diere. Dié wat nie dragtig is nie (gewoonlik ou koeie), word uitgeskot. Hy kyk dan hoeveel ou koeie vervang moet word, wat bepaal hoeveel verse hy moet behou. Die res word as teeldiere verkoop.

## KONDISIETELLING EN TANDE

In proewe in Zimbabwe met verskillende rasse is koeie se kondisie met lae voeding gemanipuleer om te kyk tot op watter kondisietelling hulle steeds dragtig raak. Die Mashona, waaraan die Tuli verwant is, asook die Tuli het die beste gevaar.

Alle jong bulle met 'n swak kondisietelling word ná die winter uitgeskot. Albie sê bulle wat hul kondisie op swak weiding behou, dra dié eienskap aan hul dogters oor. Sulke koeie kom vinniger op hitte nadat hulle gekalf het, danksy die vermoë om vinnig op die veld vet aan te sit. Só selekteer hy vir geharde, produktiewe beeste.

"Inheemse Afrika-beesrasse se tande slyt eers later af," volgens Albie.

Solank 'n koei nog goeie tande het, vreet sy goed, behou haar kondisie, raak dragtig en maak 'n swaar kalf groot. Hy let dus deeglik na koeie se tande op en sê Tulikoeie se tande hou langer as dié van die meeste ander rasse.

Van sy Tulikoeie het al ouer as twintig jaar geword. Albie verduidelik die ekonomiese voordeel. As 'n vers op drie jaar kalf, lewer sy eers sewe maande later 'n inkomste wanneer haar speenkalf verkoop word. As haar tande byvoorbeeld al op ses jaar ingee, neem haar produksie af en sy word op sewe jaar verkoop. Dus produseer sy net vir 50% van haar produktiewe leeftyd.

'n Koei wat eers op 14 jaar tande slyt, staan 'n groter kans om tot op daardie ouderdom aan te hou produseer en vir sowat 75% van haar leeftyd kalwers te lewer.

## KRUIS GOED

Die Tuli vaar puik in kruisteelprogramme en die basterkrag is hoog saam met die meeste rasse, aangesien dit 'n Afrika-ras is wat nie naverwant aan die Europese of Asiatiese rasse is nie.

Die Tuli se kleurskakering, wat van wit tot donkerrooi wissel, bied 'n wye keuse. 'n Bonsmara-teler kan dus 'n rooi Tulibul gebruik om rooi kruiskalwers te teel. Boere wat wit beeste verkies, byvoorbeeld die Charolais, kan 'n wit Tulibul gebruik.

Die gladde vel is 'n voordeel deurdat bosluise nie maklik aanheg nie. Die ras aard ook goed in uiterste hittetoestande. **LBW**

## BELEGGINGS IN GEORGIË

Beleggings in Georgië sorg vir 'n ekstra inkomste. Mnr. Albie Rautenbach het dié land in Oos-Europa sowat tien jaar gelede saam met TLU SA besoek en dadelik van die land en sy mense gehou. Daarna was hy al bykans twintig keer terug vir sake of vakansie.

Hy wou aanvanklik 'n beesboerdery daar begin, maar het besef dit sal meer sin maak om met hoëwaardegewasse, soos druiwe, sitrus, appels of amandels te boer. Plaasgrond is nog goedkoop, water is gratis en die belastingkoers is laag.

Die land is effens kleiner as die Vrystaat en is in die oorgangsone tussen Wes-Asië en Oos-Europa geleë. Dit word aan die weste deur die Swartsee begrens. Die reënval wissel van 300 mm in die ooste tot 3 500 mm in die weste.

Rautenbach het begin deur eiendomme met spaargeld te koop en te verkoop, en winkels te verhuur. Dit was baie winsgewend danksy die land se groeikoers van 7% per jaar die afgelope 15 jaar. Dit versprei dus sy risiko's.

Nou ondersoek hy en 'n paar ander Suid-Afrikaanse boere die moontlikheid om grond te koop om amandels te verbou. "Ek kry goeie rente op my beleggings en meen die tyd is ryp om ook daar te begin boer."

NAVRAE: Mnr. Albie Rautenbach, **082 959 5759**; e-pos: **raueasy@gmail.com**